# 'n Viering van die lewe

## Hester Elizabeth Johanna Hamman

11 September 1952 - 18 Junie 2023



***Dit het Ons Hemelse Vader behaag om uit ons midde weg te neem Hester Elizabeth Johanna Hamman. Haar dood word diep betreur deur haar Kinders, kleinkinders, familie en vriende.***

# Die Openbaring 21

## **Die nuwe hemel en die nuwe aarde**

1 Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien.
Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn,
en die see het nie meer bestaan nie.

2 En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem,
van God af uit die hemel uit sien afkom.
Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

3 Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê:
"Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly;
hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

4 Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal
daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal
daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

5 Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." En daarna
sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."

6 Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur.
Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde.
Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke
gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.

7 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry,
en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

8 "Maar dié wat bang en ontrou geword het,
die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs
en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die
poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood."
Die nuwe Jerusalem

9 Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het
waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat.
"Kom," het hy gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam."

10 Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na
'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir
my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom.

## Lied 292: My Enigste Troos

My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –
dis my anker, my vaste hoop.

Ek behoort aan dir Here
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –
dis my anker, my vaste hoop.

Die doop is die seël dat die Heilige Gees
my 'n kind van God, die Vader laat wees.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.

Ek behoort aan die Here
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.

## Oorwinningslied

Ek sien in my gees die glorie
En die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde
Oor sy koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde
Op die wolke kom Hy weer
Hy is Koning Hy regeer

Loof Hom, prys Hom Halleluja
Loof Hom, prys Hom Halleluja
Loof Hom, prys Hom Halleluja
Hy is Koning Hy regeer

Die Here is ons Vesting
Wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens
Wat in geloof na Hom toe gaan
Hy's ons Skuiling, Hy is ons Wapen
Hy het die vyand reeds verslaan
Hy is die Rots wat ewig staan

# Sus Hester

As ek aan Sus Hester dink, dink ek aan 'n sielsgenoot.
Ons het soveel saam beleef. Ons het saam gestap in die Drakensberg,
gegly in die modder. In die rivier gaan sit om die modder af te was.
Saam gekamp en baie pret gehad.
Amper ons mans in die see verloor agv. 'n systroom.
En jare later ons mans 3 weke uit mekaar aan die dood afgestaan.
Ons het verstaan van Diepe rou en verlange.
Ons het mekaar ondersteun. Kon praat oor die dood,
Ons Geloof en Gebed. Ons het saam Gebid vir mekaar en ander.
Haar sterk persoonlikheid was te veel vir baie.
Sy het geveg vir wat sy dink reg was tot die einde.
Jy is nou verlos van pyn! Rus sag Hes, tot weersiens.

Liefde sus Martie van der Merwe

# Bedankings

Spesiale Dankie vir Tannie Martie en Tannie Helen
met al die reëlings, en Alberton Wes gemeente.

Dankie vir al die bystand , rond ry,
verblyf met tye en hulp aan ons ma.
Tannie Martie,
Tannie Gertruida,
Jaun en Jakes,
Rina,
Oom Willem en Danese,
Tannie Elise,
Colette an Donovan.

Dankie vir al die versorgings staf wat dag en
nag gehelp het.
Sharon en Elize vir verversings.
Kerk susters vir tee en koffie
Ds. Deon vir die diens
Orrelis
Koster
Martin's begrafnis onderneming vir die verassing.

Ook vir Marais Wessels wat die live stream vir
ons moontlik maak, en elke persoon wat hier is
en vir haar daar was, dankie vir al die liefde en
hulp en bystand aan ons familie.